


**Bybelstudie 2**

# ELKE REIS HET SY PRYS

*(Is God se prys jou prys?)*

***Betekenis van die uitdrukking "goedkoop koop is duur koop":***

[1] goedkoop is duur koop.

[2] 'goedkoope dingen zijn in den regel slecht, zoodat men spoedig weder iets nieuws moet koopen'.

[3] *buying cheap stuff, is expensive*.

**1. Lesse geleer**

a. Herinner mekaar aan dit wat julle uit die vorige sessie geleer het.

b. Watter van die afgelope week se teksgedeeltes (wat jy in jou stiltetyd gelees het) het jy interessant gevind en het jou aangespreek?

**2. Kyk saam as kleingroep na die video van week 2**

Watter sake uit die video tref julle?

**3. Lees Eksodus 4:27 – 5:24 en Eksodus 12**

**4. Deel met mekaar wat julle in hierdie teksgedeeltes tref**

**5. 'n Paar gedagtes oor die teks**

Moses se onderhandelinge met die Farao vir die Israeliete se vryheid was nie maklik nie. Die Israeliete was verduk vir honderde jare en uiteindelik het God hulle smeekgebede verhoor. Nadat hulle in *Eksodus 4:31* God vir sy genade aanbid, vermeerder die volk se werksdruk egter en hulle omstandighede verswaar (eerder as verbeter). Moses en die volk ry 'n emosionele geloofswipplank – sodra iets reg loop, loop daar weer iets verkeerd; een oomblik vertrou die volk vir God en ondersteun hulle Moses, die volgende oomblik verwyt en verwens hulle hom. God bly egter getrou en beloof dat Hy uitkoms sal gee – sy redding sal groter word met elke verset van die Egiptenare.

Die enigste elemente wat deur die hele verhaal konstant bly, is God se getrouheid, genade en geduld. Hy bly getrou aan sy verbond en sy belofte(s) en bevry sy kinders op 'n wonderbaarlike wyse uit slawerny. God gebruik elke gebeurtenis om sy reddingsdaad meer kragtig te maak. God lei sy volk na vryheid in die woestyn – selfs deur hierdie handeling word sy reddding, getrouheid en almag beklemtoon.

God se reddingsdaad is nie ekslusief nie. *Eksodus 12:38* sê baie duidelik dat verskeie mense en nasies saam met die Israeliete uit Egipte getrek het. Sy wonderdade, onderrig en bepalings is

ook vir die hele groep om na te kom.  Sy trou en reg is groter as enige ander god of die farao en is vir altyd geldig. God se groot dade van liefde wek ontsag by sy volgelinge en lei tot die erkenning van sy heiligheid. Die volk se geloof in die Here bewerk hulle vryheid. Die Paasfees is die kulminering en viering van God se vryheidsverbond met sy volgelinge.

**6. Besprekingsvrae**

a. Na Aäron se verduideliking en Moses se tekens *(Eks 4:30),* het hulle geglo en die Here die God van hulle voorvaders *(Eks 3:15)* aanbid *(Eks 4:31).* Soos met die volk se voorvaders, beloof die Here dat Hy die Israeliete sal red uit slawerny in Egipte *(Eks 3:17)* en na Kanaän sal lei, 'n land van melk en heuning. Hoekom is die Israelitiese opsigters dan so negatief teenoor Moses en Aäron *(Eks 5:21)?* Wat het Israel vergeet?
Is daar tye of geleenthede wanneer jy vergeet dat God in beheer van jou lewe en toekoms is? Hoekom vergeet (en twyfel) ons soms, soos die volk, in God se almag om ons te bevry?

b. In *Eksodus 6* en *7-12* word Moses herhaaldelik na die farao gestuur. Elke keer met 'n soortgelyke aksie en grotendeels dieselfde gevolg:  vrylatingsversoek gevolg deur weiering, wat uitloop op verhoogde druk en 'n teken/plaag. Hoe sterk moes Moses wees om hiermee vol te hou? Dink jy die Israeliete het begryp wat hierdie vrylating van hulle sou verg?
Wat hou ons vandag in slawerny? Wat vereis jou geloof van jou? Hoe kan ons in ons geloof volhard?

c. As kulminering van die plae red God die eersgeborenes van almal wat na Hom luister en in Hom glo *(Eks 12:12-13; 12:29-30; 12:38).* Die Here se Woord het gebeur – God se reddingsdaad was groter as wat enige een verwag het *(Eks 12:31-40).* Was dit alles die moeite werd?

d. Die ryke tradisie van die Paasfees vind sy oorpsrong in die gebeure van *Eksodus 12.* God gee duidelik riglyne van hoe en wanneer alles gedoen moet word. In die Nuwe Testament word Jesus die simboliese Paaslam. Sy bloed is vergiet vir jou sodat jy ook die Lewe kan hê. Hoe herdenk ons ons redding van die sonde-slawerny? Watter waarde heg jy aan jou redding? Is jou lewe 'n beeld van die 'prys' wat God vir jou betaal het?

**7. Watter uitdaging stel hierdie gedeelte aan ons alledaagse lewe?**
*(Onthou om julle gedagtes op Facebook te deel!)*

**8. Gebed en afsluiting**